

### ***Jesus se geboorte - leier en vredebrenger***

In hierdie hoofstuk kry ons 'n verdere verskuiwing, van Jerusalem na Betlehem. Jesus Christus se geboorte. Hy het gekom! So duidelik en verstaanbaar dat die kerkleiers in Jerusalem die manne uit die Ooste met Miga 5 na Betlehem kon stuur. Tog word Jesus se naam nie pertinent genoem nie. Reeds vanaf hoofstuk 2 keer op keer geteken as koning, maar nou word op tweërlei manier daarop uitgebrei.

Eerstens as leier. Op 'n koninklike wyse vind dit plaas. 'n Koning wat 'n herder is en op liefdevolle wyse sy heerskappy oor die syne beoefen. Hulle geniet dit in sy teenwoordigheid en vind daar rus en kalmte. Die beeld word weergegee as 'n koning wat nie stilsit nie, maar in gedurige beweging is. Hy lei en gee krag.

Tweedens as vredebrenger, waarvan Hyself later sal getuig "vrede laat Ek julle na, My vrede gee Ek julle, nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie". En in Joh. 16:33: "dit sê Ek julle dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin".

Die klem in hierdie profetiese voorsegging lê nie op die datum van die geboorte nie, maar die waarheid daarvan en die ewige versoening by God.

Dr. J. van V. du Plessis (Welkom-Noord)